Die Voortrekkers

SUIDERKRUIS GEBIEDSGOEDGEKEURDE AKTIWITEIT
VRYDAG 4 MAART EN SATERDAG 5 MAART 2016

Beste Voortrekkers

Suiderkruis Voortrekkerkommando wil jul hartlik uitnooi na ons GGA Dag by Hoërskool Die Wilgers, Frankstraat, Die Wilgers, op die naweek van 4 en 5 Maart 2016. ‘n Lys van spesialisasies met die saambringlysie is aangeheg.

Neem asseblief kennis: Geen oorslaap fasiliteite is beskikbaar. Kinders gaan huis toe Vrydag en meld weer aan op Saterdag. Registrasie vind plaas vanaf ’n uur voor die aanvang van die kursus. Vrydag van 17:00 tot 18:00 en Saterdag van 07:00 tot 8:00.

Voortrekkers moet vir die volle duur van die GGA teenwoordig wees om te kan kwalifiseer vir die kenteken.

Voorsien asb. een volwassene vir **elke** spesialisasie waarvoor ingeskryf word. Volwassenes word versoek om met die orde te help asook hulp aan die jeuglede te verleen met opdragte wat hul moet voltooi. Die koste per meeloper beloop R30.

Inskrywings word op SAS (www.houkoers.co.za) gedoen. Ons maak die jaar van ‘n parallelle stelsel, nadat die lid vir bywoning op SAS geregistreer is vul die inskrywingsvorm (‘n excelldokument) in en stuur per e-pos aan ggasuiderkruis@gmail.com.

Voortrekkers betaal by die spanoffisier in en een betaling per vorm word gemaak. Suiderkruis se bankbesonderhede:

Suiderkruis Voortrekkerkommando,
ABSA
Tjekrekening nr: 070810190,
The Grove: 334445,
Verwysing soos op die inskrywing (Gebruik asb GGA en u Kommandonaam)

Suiderkruis Voortrekkerkommando
Kuisis Weg 5
Brummeria

Kommandoleier: Willem Boshoff
Kontak No: 082 890 2644
Epos: boshows@mweb.co.za

AKL Projekte: Elize Henn
Kontak No: 0825543817
Epos: ggasuiderkruis@gmail.com

SUIDERKRUIS 50 JAAR 1966 - 2016 VOORTREKKERKOMMANDO

Die sluitingdatum is op 25 Februarie 2015 of as die maksimum aantal bereik is. Van die kursusse is baie gewild en word vinnig vol. Om teleurstelling te vermy skryf so spoedig moontlik in. **GEEN LAAT INSKRYWING SAL AANVAAR WORD NIE!**

‘n Snoepie sal Vrydag en Saterdag beskikbaar wees.

Navrae kan gerig word aan Elize Henn by 082 554 3817, hennenes@gmail.com

Ons sien uit daarna om u by ons te ontvang.

Vriendelike groete

Willem Boshoff
Kommandoleier: Suiderkruis Voortrekkerkommando

TUINIER R100
Gr 1 Saterdag 08:00 – 15:00
Bring saam: Bordesak Aktiewe drag
Sonroom
Hoed
Tekkies

DIEREWAARNEMING R100
Gr 2 Saterdag 08:00 – 15:00
Bring saam: Bordesak Aktiewe drag
Leë 500ml koeldrankbotteltjie

HANDWERK R170
Gr 3 Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Pennesakkie met gom en skêr Saterdag 08:00 – 16:00
Aktiewe drag

GROEPSPELE R170
Gr 4 Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Saterdag 08:00 – 16:00
Aktiewe drag

BRANDWEER R170
Gr 5 Saterdag 08:00 – 16:00
Bring saam: Bordesak Aktiewe drag
Handoek
Droë stel klere

Die Brandweerspesialisasie word by Innesdal Brandweerstasie aangebied. Al die Voortrekkers wat die spesialisasie doen moet op Saterdag, 5 Maart 2016, om 07:00 aanmeld by Innesdal Brandweerstasie op die hoek van Ben Swartstraat en 14de Laan.

GEDENKWAARDIGHEDE R170
Gr 6 of 7 Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Kamera vir Saterdag (opsioneel) Saterdag 08:00 – 16:00
Formele drag

PERSOONLIKE VERSORGING R170
Gr 6 of 7 (Slegs Drawwertjies) Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Uitrusting uit jou kas wat bestaan uit ‘n Saterdag 08:00 – 16:00
onderstuk en bostuk Aktiewe drag

Spieëltjie, verkieslik een wat self kan staan.
Haarborsel en kam
Tandeborsel
Lysie van alles wat jy eet vir 3 dae
Selfoon of kamera om foto's te neem

PARAATHEID (GR 6) R170
Gr 6 of 7 Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Prentjies oor wat jy sou saamneem Saterdag 08:00 – 16:00
in 'n noodsituasie Aktiewe drag

GR 8 PORTEFEULJE: AFRIKANERSKAP (FAMILIEKUNDE) R100
Gr 8
Bring saam: Bordesak
'n Verdere lys sal aangestuur word

VUURWAPENS R170
Gr 8 - 12 Vrydag 18:00 – 21:30
Bring saam: Bordesak Spandrag
Oorbeskermers Saterdag 08:00 – 16:00
Sonbril (as jy het) Aktiewe drag

BOOGSKIET R170
Gr 8 - 12 Saterdag 08:00 – 16:00
Bring saam: Bordesak Aktiewe drag
Hoed
Sonroom

KERKJAAR R100
Gr 8 - 12 Saterdag 08:00 – 16:00
Bring saam: Bordesak Aktiewe drag
Pennesakkie
Kleurpotlode en Viltpenne (as jy het)